# AP Gevallestudie: Begroting

50 punte

## Gevra

1 Jy het die boeke ge-oudit, ontleed en die Kontantbegroting geïnterpreteer. Jy deel nie Zodwa se selfvertroue oor haar likiditeitsituasie nie. Bereken die likiditeitsverhoudings en toon waar daar 'n goeie of slegte likiditeitsposisie op 28 Februarie 2.11 is. Ontleed die antwoorde en verskaf 'n gedetailleerde uiteensetting met redes. Sluit die volgende verhoudings in:

- Bedryfsverhouding
- Vuurproefverhouding
- Periode voorraad voorhande (in dae)
- Gemiddelde debiteure- betalingsperiode (in dae)
- Gemiddelde krediteure betalingsperiode (in dae).

## Inligting

**KONTANTBEGROTING VIR DIE PERIODE 1 MAART TOT 31 MEI 2.11**

| | Maart 2.11 R | April 2.11 R | Mei 2.11 R |
|---|---|---|---|
| Kontantontvangstes | | | |
| Kontantverkope * | 52 800 | 24 000 | 24 000 |
| Kontant van debiteure ** | 15 000 | 45 096 | 32 688 |
| Totale ontvangstes | 67 800 | 69 096 | 56 688 |
| Kontantbetalings | | | |
| Betalings aan krediteure *** | 29 091 | 70 400 | 32 000 |
| Onttrekkings | 6 000 | 6 000 | 6 000 |
| Rente op lening | 1 400 | 1 400 | 733 |
| Leningspaaiement | - | - | 50 000 |
| Verskuiwingskostes | - | 15 000 | - |
| Ander bedryfsuitgawes | 7 500 | 7 500 | 7 500 |
| Totale betalings | 43 991 | 100 300 | 96 233 |
| Kontantsurplus/(tekort) | 23 809 | (31 204) | (39 545) |
| Banksaldo aan die begin van die jaar | 28 000 | 51 809 | 20 605 |
| Banksaldo aan die einde van die jaar | 51 809 | 20 605 | (18 940) |

## Berekeninge

| | R |
|---|---|
| * Verkope (01/03/2.10 – 28/02/2.11) 576 000 $\times \frac{110}{100}$ | 633 600 |
| Maart 2011: $\frac{R633\ 600}{6}$ | 105 600 |
| Kontant = Krediet | 52 800 |
| Ander maande: $\left(\frac{R633\ 600 - R105\ 600}{Verkope}\right)$ | 48 000 |
| Kontant = Krediet | 24 000 |
| **Debiteure | |
| Maart: ( $\frac{1}{2} \times$ R30 000) | 15 000 |
| April: ( $\frac{1}{2} \times$ R30 000) + ( $\frac{60}{100} \times$ 52 800 $\times \frac{95}{100}$) = R15 000 + R30 096 | 45 096 |
| Mei: ( $\frac{36}{100} \times$ R52 800 + ( $\frac{60}{100} \times$ 24 000 $\times \frac{95}{100}$) = R19 008 + R13 680 | 32 688 |
| ***Krediteure | |
| Maart (Saldo 28/02/05) | 29 091 |
| April: R105 000 $\times \frac{100}{150}$ | 70 400 |
| Mei: R48 000 $\times \frac{100}{150}$ | 32 000 |

2 Zodwa dui aan dat 'n volbladadvertensie in die plaaslike koerant vir haar nuwe kliënte sal werf. Sy sê dat sy 'n nuwe winkel in die Menlyn Mall wil

© Oxford University Press Southern Africa (Edms.) Bpk 2013. Hierdie voorlegging mag slegs vir gebruik in klaskamers gedruk en vertoon word.